

Maandag 28 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 31:1-5, 22-29, 43-55 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Genesis 31:48b, 49

Die alwetende God hou oor ons hart en bedoelings wag

Die naam Mispa beteken “uitkyk” of “wagpos/wagtoring”. Die plek is so genoem omdat Laban vir Jakob gesê het: “Mag die Here wag hou tussen my en jou as ons mekaar nie meer sien nie.”

Ons ken die geskiedenis van Jakob en Laban, die bedrog van die een teenoor die ander. Jakob het uiteindelik gevlug met sy gesin en vee, maar toe Laban agter Jakob aangaan, verbied die Here hom om Jakob enige kwaad aan te doen (Gen. 31:29). Omdat daar geen vertrouwe tussen Laban en Jakob was nie, stel Laban voor dat hy en Jakob ’n vriendskapsverbond sluit en rig hulle ook ’n gedenkteken op om dit te bevestig dat daar nie in die toekoms slegte bedoelings tussen hulle sal wees nie (Gen. 31:52). En dan spreek Laban, wat ’n dienaar van baie gode was, hierdie bede uit dat God, as hulle mekaar nou nie meer sien nie, die getuie tussen hulle mag wees wat die bedoelinge van hulle hart beoordeel. Sy bede is dat die HERE, wat die mens se hart ken, die Wag sal wees wat oor hulle hart waghou en regverdig daarvoor sal oordeel as die een die ander kwaad wil aandoen.

As die veelgodedom dienaar Laban dit uitspreek, hoeveel te meer moet ons as verlostes in Jesus Christus wat die ware en enige God alleen ken en dien, nie vanuit hierdie beginsel leef nie. Die Heilige Gees sê in Psalm 139 die Here deurgrond en ken ons, Hy verstaan van ver af ons gedagte en is met al ons weë bekend, daar is nog geen woord op my tong nie, of die HERE ken dit geheel en al. Hebreërs 4:12, 13 leer God se woord is ’n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart, en daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het. Daarom dat Hebreërs 6:16 ook die aflê van ’n wettige eed bevestig, naamlik dat die mens, om ’n einde aan hulle openbare geskille te maak, toevlug neem tot die oordeel van God wat die einde van alle teëspraak is. Paulus beveel ook in Efesiërs 6:5, 6 die diensknegte om aan hulle aardse here in opregtheid van hart gehoorsaam te wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen. God hou oor ons hart en bedoelings wag en sien dit, daarom moet die teenwoordigheid van God in ons lewe ’n groter werklikheid wees as dit wat mense by ons sien. Ons is in Christus verlos en deur die Heilige Gees vernuwe om God wat oor ons hart waghou, te behaag met ons diepste bedoelinge en denke en nie om dinge net vir die oë van mense te doen nie.

Sing: Psalm 139-1:1, 2

Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)